

Dinsdag 1 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 3:7-13

Fokusgedeelte: Openbaring 3:10

Is dit net ons wat swaar kry as gevolg van ons geloof?

O*mdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.*

In die vroegste jare het die gemeentetjie van Filadelfía 'n bittere stryd en vervolging deurgemaak. Polukarpus, wat in die vroeë jare predikant van Smirna was, skryf in sy boeke dat daar op een stadium 11 van Filadelfía se gemeentelede as martelare doodgemaak is. Al hierdie smarte in die klein gemeentetjie is deur die Jode bewerk. Dit is van hulle wat daar gepraat word in vers 9: *Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg ...*

Die gemeentelede was almal ook maar onbelangrike mense. Maar al was hulle min en ongeag, God het vir hulle 'n deur oopgesluit. Daarom brei die Here nou uit oor die kwessie van oopsluit. Hy ken die gemeente. Hy ken ook hulle werke. Hy weet dat hulle min krag het: hulle is nie mense met baie mag en uitsonderlike vermoëns nie.

Maar al is hierdie gemeente hoe waardeloos in die oë van die wêreld, dan beteken dit nie dat hierdie gemeente deur God ook verwaarloos is nie. In hierdie gemeente se swakheid het God dit vir hulle moontlik gemaak dat hulle sy Woord kon bewaar, en sy Naam nie verloën nie.

Die Here is so trots op hierdie prestasie van die gemeente dat die Here aan hulle skryf dat hulle moet vashou wat hulle het. En die Here beloof ook om die oorwinnaars pilare te maak in die tempel van God. Verder ook nog dat Hy die Naam van God op hulle gaan skrywe!

Sing: Psalm 22-1:1

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)